# HOOFSTUK 8

## SAMEVATTING

### 1 Die probleem[1)]

In ons tyd is daar op die terrein van die teologie 'n geweldige diskussie rondom die vraag na die beteke= nis van die Bybel vir die moderne mens. Hermeneutie= se kwessies staan op die voorgrond in die teologiese debat. Die Godsdiensonderrigonderwyser, wie se roe= ping dit is om die Woord van God vir die moderne kind verstaanbaar te maak, moet kennis neem van die ontwik= kelinge en verwikkelinge op hierdie gebeid. Ook die leefwêreld van die moderne kind noop die onderwyser om op die probleme van die dag in te gaan. Die heden= daagse onderwyser is geroepe om, te midde van hierdie probleme, in sy Godsdiensonderrig 'n sinvolle kommuni= kasie te bewerkstellig tussn die Woord van God en die moderne opvoedeling.

Die huidige teologiese polemiek vind teen 'n ag= tergrond van diverse gekompliseerde verskynsels plaas: Die moderne mens voel onseker, verward en bedreig. Snelle verandering op alle terreine het hom losgeruk van tradisie en konvensie. Hy soek na nuwe ankers. Hy ervaar verlede en toekoms as absurd en daarom soek

1) Vgl. Hfst. 1, pp. 1-53.

hy die sin in die dinge van die oomblik.

Die snelle tegnologiese ontwikkeling en industria=lisme van ons tyd lei tot: geestelike wanaanpassing; ontidividualisering; verlies van inisiatief; eento=nigheid; bedreiging van vryheid, verantwoordelikheid en naasteliefde.

Die denke van die tipiese moderne mens word ge=kenmerk deur sekularisme en horisontalisme. Selfs die Godsdiensonderrig en sedelike opvoeding word in ooreenstemming daarmee gerekonstrueer.

'n Nuwe konflik tussen „mondigheid" en gesag lei allerweë tot opstand teen konvensie en gevolglik tot geloofsafval. Die relativisme word verheerlik en die eis van die situasie is die norm van handeling. Ge=volglik word die hedendaagse kultuur gekenmerk deur dinamiek en pluriformiteit.

Die moderne mens is meesal eensaam, materialisties en hedonisties van lewenshoudig, verwetenskaplik, aardsgesind, skepties en selfs nihilisties.

Wie in die moderne samelewing wil saamdoen, kom meesal voor 'n tweesprong te staan: algemeenheid of antitese. Die hedendaagse mens is geneig om voor=keur te gee aan algemeenheid.

Menslike heerskappy tree in ons tyd meer en meer op as selfstandige magte wat dreig om hom te verslaaf.

Daar is vandag allerweë 'n verlange na entoesi=asme, ook in prediking en onderrig. 'n Ander teken van ons tyd is morele skepsis. Ontonomie vervang heterenomie. Naasteliefde is die enigste norm van handeling.

Die huidige wysgerige besinning verloop, globaal gesproke, langs twee hoofrigtings: die eksistensiefi= losofie enersyds en neo-positivisme, neo-empirisme, re= spektiewelik neo-realisme, andersyds.

Die teologiese situasie van ons tyd kan gekenskets word as 'n ineenstorting van die neo-Protestantse re= ligieuse teorie. 'n Verbete stryd woed tussen konser= watiewes, Bultmanniane, neo-Barthiane, heilshistorici en radikale denkers. Radikalistiese teoloë het Bon= hoeffer se standpunte verdraai tot 'n religieuse posi= tivisme wat die „dood van God" proklameer. Neo-Pro= testantisme word gekenmerk deur pluralisme en ope di= versiteit, terwyl belangrike aspekte van die Skriftuur= like openbaring verduister word. Spekulatiewe gods= dienstige denke loën die bonatuurlike, dus ook God. Ten slotte word die moderne teologiese denke gekenmerk deur die feit dat dit geen teologiese sisteem bied nie.

Teen hierdie agtergrond moet vandag godsdienstig opgevoed word. Dit stel onvoorsienbaar groot uitda= gings aan onderwyser, ouer en kategeet.

## 2. Die herkoms van die eksistensieteologie[2)]

### 2.1 Filosofiese agtergronde

'n Analise in besonderhede van die ou gnostieke van die tweede eeu n.C. toon 'n duidelike verband met die moderne eksistensieteologie: dualisme tussen die goddelike en die wêreldse; die irrelevansie van 'n

2) Vgl. hfst. 2, pp. 54-116

persoonlike God; die idee van die onbekende God; die pessimistiese wêreldbeskouing; selfkennis en Godskennis val saam; sonde is 'n tekort, 'n gemis; geestelike interpretasie van die Skrif; God is Diepte.

Verder kan die idees van die Aufklärung, veral die positivisme van Lessing en die antimetafisiese konklusies van Kant, in die hedendaagse teologie terug gevind word.

'n Studie van die stryd om die werklikheidsbegrip toon duidelik 'n ontwikkeling deur die eeue wat eindelik op die proklamasie van die mondigheid van die mens en die „dood van God" (Nietzsche), die fenomenologie, die neo-positivisme, neo-empirisme, neo-realisme, en sekularisme uitloop. Hierdie is juis die treffendste kenmerke van die hedendaagse teologie.

Sommige van die hedendaagse teoloë speel met die Hegeliaanse dialektiek deur te beweer dat die lewende God moet doodgaan om op te staan.

Die moderne teologie is sterk geïnspireer deur die eksistensiefilosofie. Sy „antimetafisiese" tendens en antroposentrisme het byvoorbeeld hulle oorsprong in die eksistensialisme.

## 2.2 Die natuurwetenskaplike en tegnologiese agtergronde

Die steeds opkomende natuurwetenskap en tegniek het 'n wêreldbeskouing en lewenskouding by die mens gekweek wat 'n vrugbare bodem verskaf het vir die eksistensieteologie om op te stoel.

## 2.3 Die geskiedbeskoulike agtergronde

Die historiese kritiek, moderne historiese be= wussyn en hedendaagse geskiedwetenskaplike beskouinge het belangrike voorarbeid vir die Bultmanniane en ra= dikaliste verrig.

## 2.4 Die teologiese agtergronde

Met sy tyd - ewigheidsdialektiek, sy nadruk op God se verborgenheid, sy nominalisme, sy beklemtoning van die Christosentrisiteit van die Skrif, ens. het Barth die weg voorberei vir die eksistensieteologie. Ook het die resultate van die moderne Bybelwetenskap (Wellhausen, e.a.) gelei tot 'n nuwe visie op die By= bel. Selfs die Piëtisme het, met sy reaksie teen die objektivisme van die sewentiende en agtiende eeuse orto= doksie en beklemtoning van die gelowende subjek, 'n by= drae gelewer tot die totstandkoming van die eksisten= siteologie. Interessant is dit om te weet dat J.H. Scholten (oud-modernisme) al sedert 1840 die „nuwe" ge= luide laat hoor het - hy wou al die Skrif eksistensi= eel verstaan.

Deur die relativering van die eenmaligheid van die Skrif het die vergelykende Godsdienswetenskap sy bydrae tot die hedendaagse teologie gelewer.

Die probleme rondom die apostolaat, met name die vraag na die verstaanbaarmaking van die Skrif vir die moderne mens, was die impetus tot die „nuwe" besinning. Ook in Rooms Katolieke kringe het 'n „theologie nouvel= le" ontstaan wat 'n bydrae tot die eksistensieteologie

gelewer het.

Die kerk self het ook sy bydrae gelewer deur die hiernamaals ten koste van die hiernoumaals te beklem= toon. Hierteen het daar reaksie gekom. Neutrale onderwys het verder godsdienstige skisofrene gekweek en die weg vir sekularisme voorberei.

Die negentiende eeuse modernisme, met sy beskou= ing dat alles volgens die maatstaf van die eie en eie= tydse ervarings beoordeel moet word, het geen plek vir die geloof in die bestaan van God gelaat nie.

## 3 Die wese van die eksistensieteologie[3)]

Die eksistensieteologie het 'n Duitse tak (Bult= mann, Fuchs, Ebeling, Braun, Sölle, ens.) en 'n Angel= saksiese tak (Van Buren, Altizer, Hamilton, Robinson, e.a.). Hierdie twee groepe, selfs die individuele verteenwoordigers daarvan, verskil onderling sterk, tog is daar veel gemeenskapliks. Op al hierdie is nie ingegaan nie. Slegs dié sake wat onbetwisbaar im= plikasies vir die Godsdiensonderrig het, kom ter sprake.

### 3.1 Die mens

Vanweë sy liberalistiese herkoms staan of val die eksistensieteologie met die troonsbestyging van die mens en sy outonome verstand: Dit is hý wat die Bybelse

3) Vgl. hfst. 3, pp. 117-192.

boodskap moet verstaan; hý moet eksistensieel aange= spreek word; sý verantwoordelikheid (wat as „mondig= heid" aangedui word) is van beslissende belang; „me= demenslikheid" is die kernboodskap van die evangelie; die nood van die mens staan sentraal in prediking en godsdiensonderrig; sý rede is die norm; sý persoon= like, eksistensiële beslissings word benadruk. Van= selfsprekend sal die antropologie van die hedendaagse teologie vérreikende gevolge hê vir die onderwys en opvoeding, meer bepaald die Godsdiensonderrig.

## 3.2 God en hierdie wêreld

Vir die eksistensieteologie is daar maar één wê= reld en één werklikheid. God as „a being beyond out there" is „dood". Daarom is die aandag van die eksis= tensieteoloog sterk „diesseits" gerig. Sy voorlief= de vir die konkrete skuif God oor die gesigseinder. Só word die Bybel, godsdiens en geloof radikaal her= interpreteer. Die enorme aandag vir hiérdie wêreld lei noodwendig tot 'n positivistiese horisontalisme en religieloosheid sodat eindelik die „dood van God" geproklameer word.

## 3.3 Die Bybel

Die eksistensieteologie het met Bultmann begin. Volgens hom moet die Bybelse boodskap van sy „mitiese verpakking" ontdoen word. Aangesien die Bybel vol= gens die moderniste histories onbetroubaar is, moet dit ook aan „dehistorisering" onderwerp word. Selfs

Gereformeerde teoloë spreek hier van „verhaal" en „feit" wat onderskei moet word. Uitlê van 'n teks uit die verlede hou vir Fuchs en Ebeling in dat die mens in die ou woorde die reddende Woord van God vir die hede nuut laat spreek, soos Jesus volgens hulle gedoen het. Kenmerkend van sekere tendense in die eksistensieteologie is die aanleuning aan die analitiese filosofie wat na 'n meer ondubbelsinnige woordgebruik by die kommunikasie van die mense streef met die bedoeling om misverstande uit te skakel en onderlinge begrip te bevorder.

## 3.4 Jesu- en Christologie

Volgens Bultmann lê onder die mitologie niks van Jesus in terme van suiwere geskiedenis nie, behalwe die feit dat hy bestaan het. Jesus is slegs dié mens in Wie God Hom wou openbaar. Die historisiteit van die opstanding van Jesus word deur eksistensieteoloë ontken. Die moontlikheid van 'n persoonlike band met Jesus bestaan nie. Daar word onderskei tussen Jesus en Christus. Laasgenoemde is die produk van oergemeenteteologie. Vir die historiese Jesus is daar by hierdie teoloë weinig aandag. Oor die algemeen bly Hy die kerugmatiese Christus. „Verlossing" moet, so word o.a. gepleit, met „welvaart" vervang word. Geloof ín Jesus is eintlik geloof sóós Jesus. Hy is die goeie Voorbeeld. Kennis van Jesus is van minder belang - dit gaan tewens om die betekenis van sy bestaan vir my. Die pre-eksistensie van Jesus is mite, sy pro-eksistensie die inhoud van die verkondiging. Christus is Voorloper wat navolging eis. Nie

of ons in Hom glo, is beslissend nie, maar of ons soos Hy doen. Ook nie wat Jesus „in Homself" is, is belang= rik nie, maar wat Hy „vir my" is.

## 3.4 Die Kerk

Eksistensieteoloë pleit daarvoor dat die kerk afsien van religie en hom na die wêreld keer. Kerk= like gemeenskap bestaan terwille van „medemenslikheid".

## 3.5 Die moraal

Die tweede tafel van die wet word sentraal ge= stel en die bergrede beheers die prediking. Naaste= liefde is die enigste norm vir sedelike handeling. Die kompas sit in die liefde as binne-kompas. Daar is geen buite-kompas nie. Jesus se etiese voorskrifte is nie wette van buite nie, maar voorbeelde van wat die liefde van elkeen op bepaalde oomblik in 'n bepaalde situasie sou kon eis.

## 3.6 Eksistensieteologie en liberalisme

Die ou liberalisme het die skêr geneem en blad vir blad uit die Bybel geknip sodat slegs enkele al= gemeen aanvaarbare religieuse waarhede oorgebly het. Hierteenoor gee die eksistensieteologie geen Bybelse voorval prys nie, maar leer dat die voorval die ver= kondiging self is. Tog was die liberalisme nie li= beraler as die eksistensialiste nie.

## 3.7 Die heilshistoriese teologie

Die heilshistoriese teologie (Cullmann, Von Rad, Pannenberg) sien die Godsopenbaring as 'n reeks dade van God in die geskiedenis wat strek vanaf die skep= ping tot die voleinding met Christus as die middelpunt. Uit dié dade alleen kan ewige waarhede afgelees word en deur aansluiting aan dié dade alleen word ons eksis= tensie vernuwe. Hierdie teologie bevat veel wat deur die Godsdiensonderrigonderwyser gebruik kan en moet word.

## 4 Die implikasies van die eksistensieteologie vir die Godsdiensonderrig.[4)]

In die afgelope tyd het talle Godsdiensonderrig= hanboekies verskyn wat onteenseglik die trekke van die moderne eksistensieteologie vertoon. Ook in tyd= skrifte, godsdienstig en opvoedkundig, verskyn in toe= nemende mate artikels wat daarop gerig is om die moder= ne onderwyser in die Godsdiensonderrig leiding te bied m.b.t. die eksistensiële benadering en verklaring van die Skrif.

'n Studie van Afrikaanse handboekies en tydskrif= te bring aan die lig dat die eksistensialistiese Skrif= verklaring nog nie daarin sy weg gevind het nie. Se= kere tydskrifartikels en handboekies in die Engelse taal, wat nie net maar in Suid-Afrika bekombaar is nie, maar hier te lande versprei en selfs vir skoolgebruik goedgekeur is, toon egter baie duidelik 'n eksistensia=

4) Vgl. hfst. 4, pp. 193-248.

listiese inslag. By sekere onderwysersopleidings=inrigtings, vir blankes sowel as vir bantoes, het dié benadering reeds vaste voet gevind.

In genoemde literatuur kom o.a. die volgende voor:

* Die klem val meer op die sedelike opvoeding as op die religieuse:

* Jesus is eerder Voorbeeld as Verlosser; die hoofsom van sy boodskap is: „How much do you love?"

* Diens word bo geloof gestel.

* Selfverwerkliking is lewensdoel.

* Godsdiensonderrig moet eerder „algemeen" as partikulier wees.

* Die doel van die opvoeding is volwassewording; van die Godsdiensonderrig dus: geestelike (veral se=delike) volwassenheid.

* Die konkrete, individuele, persoonlike kind in sy situasie staan in die sentrum van die Godsdiens=onderrig.

* Die inhoud van die Bybelles moet bepaal word volgens die behoeftes van die kind.

* Die kind is 'n eenheid van soma, psige en pneuma.

* Die kind moet in die sin van die lewe geïni=sieer word.

* Die helshistorie word vir die moderne kind na

die eis van sy situasie herinterpreteer.

* Daar word gepleit vir die invoering van Bybel=kritiek op skool.

* Sonde is eerder siekte as oortreding.

* Die Bybel is nie die Boek ván God nie, maar 'n boek óór God.

* Die Bybel is puur mensewerk en bevat dus onnou=keurighede.

* Die Bybel wemel van „folk-lore", „legendes" en „stories".

* Die Bybelse mites is nie waardeloos vir die kind nie, want „stories can be told to convey truths".

* Die Bybelles moet aansluit by 'n gewone wê=reldse gebeurtenis, bv. die vraagstuk van wêreldhonger.

* Jesus is eg mens en geen hemelse wese nie en die natuurlike kind van Josef en Maria.

* Jesus ís nie God nie, maar om Hom te ken en te doen soos Hy gedoen het, is om God te ken.

* Wonderwerke moet nie te sterk opgedis word nie; dit moet eerder voorgehou word as 'n uitdrukkingsmoont=likheid om die leerlinge te laat aanvoel dat God agter ons werklikheid skuilgaan en ons dan te toon dat God omgee vir die individuele behoeftes van mense. Die wonderwerke is Bybelse „picture language".

* Die moderne betekenis van wonderwerke moet

nie gesoek word in geloofsgenesings en gebed nie, maar in dinge soos mediese en landboukundige arbeid, nood=leniging, ens.

* „Besetenheid" is niks anders as „mental dis=order" nie.

* Natuurwonders is in stryd met alle wetenskaps=begrippe - die Bybel gebruik dit bloot as beelde.

* Die Bybelles moet 'n egte „ontmoeting" wees.

* Die Bybelles moet nie stellenderwys „aangebied" word nie, maar vraenderwys „ontwikkel" word; vrye dis=kussie moet voorrang geniet.

* . Leerlinge moet tot selfstandige denke, verant=woordelike kritiek en persoonlike stellingname geprik=kel word.

## 5 Kritiese beoordeling van die eksistensialistiese tendens in die teologie en Godsdiensonderrig.[5)]

### 5.1 Positiewe elemente in die eksistensieteologie wat vir die Godsdiensonderrig van waarde is

* Die eksistensieteologie prikkel die moderne Godsdiensonderrigonderwyser tot verantwoordelike be=sinning; dit maak een ding baie duidelik: dat die Godsgeloof geen banale vanselfstrekendheid is nie. Die onderwyser moet homself kan verantwoord m.b.t. sy geloof en beginsels, maar ook die leerlinge die nodige

5) Vgl. hfst. 5, pp. 249-328.

fondament vir 'n persoonlike verantwoorde geloof bied.

* Die eksistensieteologie roep ten regte op tot suiwering van die godsdiens van 'n magiese wêreldopvat= ting en bygeloof en tot 'n meer persoonlike en aktiewe geloofsoortuiging.

* Die eis tot aandag en openheid vir die mede= mens en die wêreld is te waardeer.

* Dit stel die onderwyser op die hoede vir die aankweek van 'n valse Godsbegrip by die kind.

* Die groot klem wat op die verantwoordelikheid van die individu geplaas word, laat mens opnuut besin oor die persoonlike roeping.

* Tereg roep die radikale teoloë op om in Bybel= verklaring en lewens- en wêreldduiding by Jesus te be= gin. Inderdaad is Hy die Weg en die Waarheid en die Lewe.

* Die radikale teoloë vestig opnuut ons aandag op die „menslike" sy van die Skrif. Vir die regte verstaan en vertolking daarvan is kennisname hiervan van die uiterste belang.

* Die hedendaagse teologie prikkel tot nuwe waardering van die genadeverbond as singewende faktor, nie net van die Bybel as geheel nie, maar ook in elke afsonderlike Bybelles.

* Dit inspireer tot die ontwerp van 'n antropo= logie wat die mens nie as tydlose wese sien nie, maar as 'n wese wat nie anders as teen die agtergrond van

sy leefwêreld begryp kan word nie - só ontvang die Godsdiensonderrig 'n waardevolle en noodsaaklike aktu=aliteit.

* Ons het waardering vir die hedendaagse teoloë as hulle 'n bloot konvensie-bepaalde geloof wil omstoot.

* As die positiewe aspekte van die vernuwings=teologie geïntegreer word in die heilshistoriese teo=logie is daar veel waarvan die Godsdiensonderrig ge=bruik kan maak.

* Die realistiese werklikheidsbegrip bring ons gedisintegreerde wêreld weer skerp in die blikveld.

* Die moderne teologie het ons oë weer oopge=maak vir die nood van die mens in hierdie wêreld.

5.2 Negatiewe elemente in die eksistensieteologie waarteen die onderwyser in Godsdiensonderrig moet waak

* Die radikaliste gaan van 'n valse probleem=stelling uit; die moderne tegniese en natuurwetenskap=like mens is nie so ontoeganklik vir die evangelie as wat voorgegee word nie - die wetenskaplike, inteendeel, het geleer om met probleme te lewe.

* Dit is 'n mite dat religie niks met God te doen het nie, en wat die mens in die religie buite die Bybelse openbaring inhoudelik tot stand bring, is 'n „Godsbeeld" na eie beeld.

* Die eksistensialiste maak hulle skuldig aan

ongebreidelde spekulasie en is verslaaf aan moderne vooroordele.

* Die modernistiese teoloë is meesters om te sloop, maar stel weinig konstruktiefs in die plek van wat afgebreek word.

* Die eksistensieteoloë laat die Godsnaam op= gaan in medemenslikheid; in hulle beeldestorming stel hulle tog maar weer mensgemaakte beelde daar.

* Die God van Robinson is staties, onbeweeglik, passief en behoeftig.

* Om te swyg oor God kan 'n nog dodeliker kort= sluiting veroorsaak as 'n verkeerde spreke oor God.

* Die Christologie van die eksistensieteoloë dreig om in 'n antropologie te verander; die Bybelse Christologie word in Ariaanse sin verkort. 'n Teo= logie wat die verlossing deur die plaasbekledende ly= de van Christus negeer, bied geen hoop aan 'n ellen= dige mensheid nie en moet noodwendig pessimisme tot gevolg hê.

* 'n Verdere gevolg van 'n valse Christologie is dat ook die Pneumatologie in antropologie opgaan.

* Al is die eksistensialiste se uitsprake nie soseer teen God as teen 'n bepaalde Godsvoorstelling nie lei dit tog tot 'n verkapte ateisme.

* Die gesag van die Skrif as die Goddelike norm op alle lewenterreine word ontken, die aftakeling van die Skrifgesag is die gevolg van die verabsolute=

ring van die sigbare.

* Die fatale gevolge van die losmaking van die selfopenbarende God van die woorde van profete en apos= tels as Woord van God, lei tot verlies van God self.

* Deur van die kerugma uit te eksegetiseer, word selfs die opstanding weggeëksegetiseer en dan is die hele Christelike geloof sinloos.

* Die historiese kritiek as hermeneutiese me= tode is lank nie so wetenskaplik as wat die beoefenaars daarvan voorgee nie omdat uit vermoede sekerhede ge= brou word, die eenheid van die Skrif misgekyk word, die werking van die Heilige Gees buite rekening gelaat word, dit deur 'n bepaalde filosofie van Godsdiens ge= lei word, e.s.m.

* Die geskrifte van die eksistensieteoloë is hu= manisties - die mens word bo God en sy Woord gestel.

* As die kerk identies word met „wêreld" en „wêreldverbetering" het dit opgehou om aan die wêreld 'n boodskap te bring.

* Sekularisme bring geen vryheid nie maar 'n nuwe knegskap.

* Dit gaan in die Christelike geloof nie net om moraal, soos die hedendaagse teoloë dit wil nie - mens moet ook met God in die reine kom.

* Die eksistensieteologie is 'n godsdiens met 'n God sonder troon wat mense sonder sonde bring in 'n koninkryk sonder oordeel deur die arbeid van 'n

Christus sonder kruis.

* Die realistiese werklikheidsbegrip isoleer die konkrete uit die totaalsamehang sodat dit dreig om verabsoluteer te word.

* Die moderne teologie is dualisties en oppervlakkig.

## 6 Die regte verstaan en vertolking van die Heilige Skrif[6]

Die uitdaging tot vernuwing mag nie afgewys word nie, want ook dít kan 'n teken van heimlike ongeloof wees, van verborge onsekerheid en vrees. Die positiewe aspekte van wat gebied word, sal met die positiewe van die tradisionele geïntegreer moet word. Slegs so kan boodskap en geadresseerde tot sy reg kom, want die Bybel moet nie net histories begryp word nie, maar ook eksistensieel aanvaar word. Die onderwyser sal dus moet vasstel wat die bedoeling van die Bybel vir die mense tóé dáár was, maar ook die blywende hoofwaarde of diepe sin vir alle tye moet ontdek sodat hy ook sal weet wat die bybel vir die mense nóú híér wil sê.

Ten einde die diepe sin van die Skrif bloot te lê word verskeie verklaringsmetodes aangewend: die allegoriese, pneumatiese, suprahistoriese, heilshistoriese, meganisties-Biblisistiese, fundamentalistiese, dualistiese, eksemplaristiese en eksistensialistiese. Al hierdie metodes word egter verwerp. Die grond van die dwaling lê telkens in 'n wanbegrip van die aard

Vgl. hfst. 6, pp. 329-408.

van die Skrifgesag. Die verhouding tussen die God=delike en menslike in die Heilige Skrif word nie reg gesien nie.

Die Woord van God het op historiese wyse ontstaan en moet dus verstaan word in die lig van die geskie=denis. Ook psigologiese interpretasie is noodsaaklik aangesien die outeurs in 'n groot mate produkte van hulle historiese milieu is.

Die huidige tendens om die diversiteit van die in=houd van die Skrif te beklemtoon vereis dat die onder=wyser in sy Bybellesse besondere aandag daaraan moet bestee om die Bybel as 'n eenheid te interpreteer. Ten einde „sinvolle" Godsdiensonderrig te gee moet die onderwyser die verband tussen die feite van die Bybel=les en die hoofgedagte van die Skrif sowel as die on=derskeie „grondpatrone" daarvan duidelik insien en aan=toon.

Die klem val in die praktyk van die Godsdiensonder=rig oor die algemeen nog te veel op blote feitekennis sonder dat gesoek word na die diepe sin van die Skrif, die betekenis van die feite, die naspeur van die hoof=gedagte, grondpatroon, openbaringsgedagte. Om die Skrif aan die leerlinge reg te kan vertolk, moet die onderwyser deeglik kennis dra van die simboliek en ti=pologie van die Skrif, die reëls vir die verklaring van die historiese Bybelstof, profesieë, Psalms (e.a. wysheidsliteratuur), die wonderwerke en die gelykenis=se. Slegs indien die onderwyser deeglik op hoogte is van die besondere aard van die Bybelse geskiedskry=wing en die profetiese en digterlike geskrifte en die

betekenis en aard van die gelykenisse sal hy in staat wees om die Skrif reg te verstaan en vertolk.

By al die vereistes van kennis, begrip en insig moet ten slotte die hoogsnoodsaaklike eis van die ge= loof aan die onderwyser gestel word.

## 7. Verdere metodologiese en didaktiese riglyne vir 'n sinvolle Godsdiensonderrig in ons tyd[7)]

* „Neutrale" wetenskap en onderwys werk mee tot die ervaring dat daar geen God in hierdie wêreld werk= saam is nie. Daar is dus in ons tyd 'n geweldige be= hoefte aan beginselgefundeerde wetenskapsbeoefening, d.w.s. Christelike wetenskap en onderwys. Die Gods= diensonderrig het dus 'n besondere taak m.b.t. die kweek van 'n besef van die Skrifbeginsels.

* In die tyd van verheerliking van die absurde is helderheid m.b.t. die doel van die Godsdiensonder= rig besondere eis, want slegs doelgerigte optrede het sin.

* Die kind word die kragtigste aangespreek deur sy eie hede. Die leermeester moet dus toesien dat die samehang, die noodsaaklike verband tussen die leerstof en die eietydse kultuur, gehandhaaf word. Die Bybel= les moet aktueel wees. Die koninkryk van God moet nie bloot na die hiernamaals verplaas word nie.

* Die Bybel moet nie net geken en bewierook word nie maar ook eksistensieel beleef word.

* Die inhoud en die metode van die Bybelles moet

die kind opvoed tot verantwoordelikheid, geestelike volwassenheid.

* Die onderwyser moet 'n gemeganiseerde begrip=pevoorpratery vermy. Die kind wil nie maar altyd na=praat nie. Hy het behoefte daaraan om 'n besit wors=telend te verwerf.

* Om intellektualisme, napratery en onverant=woordelikheid teë te werk, moet die onderwyser meer en meer die „begeleier" van die selfstudie van die leer=linge wees.

* In die Bybelles moet die Bybel self spreek, nie die „slim" onderwyser nie; daarom moet die Bybel=les steeds aan die hand van die Bybel aangebied word.

* Die klasgesprek en leergesprek as onderrig=metodes behoort meer gebruik te word by die Bybelles. Minder toespreek en meer bespreek moet die leuse wees.

* Die Bybelse leerstof moet steeds in sinvolle verband tot die hoofgedagte van die Skrif en die eise van die lewe van die kind staan.

* Die leerlinge moet nooit die indruk kry dat God in die beeld van 'n idee gebann is nie; Hy moet steeds midde-in die lewe staan. In die Bybelles moet die kind sy lewenswarme nabyheid ervaar.

* Die Bybelles moet so aangebied word dat die Christus van die verlede nie die lewende Christus van die hede verdring nie.

* Die kind moet leer dat sonde die verlorenheid van die mens deur openlike of bedek=

te rebellie teen God is en nie maar 'n swakheid of 'n tekortkoming nie.

* Die leerlinge moet geleer word om die sin van die gebed te begryp, ook moet hulle leer dat die lewe van die Christen 'n biddende lewe is.

* 'n Meganiese aanleer van Bybelversies moet vermy word. Die kind moet weet waarom hy die betrok=ke Skrifgedeelte memoriseer. Ook die gewyde sang moet sinvol beoefen word.

* Werkopdragte moet betekenisvol wees; dit moet in die nouste verband met die doel van die les, die sin van die leerstof, die lewe van die kind staan.

* By meting moet die klem nie net op feite=kennis val nie, maar veral op insig en toepassing.

* Die sin van die openbaring word die beste benader as daar van die verbond uitgegaan word.

* Die kind, die adres van die Bybelles, moet deur die onderwyser begryp word. Daarvoor is 'n studie van sy agtergrond en psigologie, sy hele situ=asie, nodig. In 'n leë situasie is die dialoog uit=gesluit.

* Die onderwyser moet saam met die kinders, as hulle medemens, soek na 'n Christelike bestaans=wyse en nie outoritêr resepte en konsepte afdwing nie.

* Die Godsdiensonderrigonderwyser moet oortuig=de besielde, belangstellende, bewoë, simpatieke, voor=beeldige, bo alles: gelowige mens wees wie se omgang

met sy leerlinge deur natuurlikheid, soberheid, eenvoud en opregtheid gekenmerk word.

* Die kind moet tot die oortuiging gelei word dat die Woord van God as daad moet funksioneer in hier= die wêreld.

Dit is 'n besondere taak van die Godsdiensonder= rig in ons tyd om die opgestane Christus met alle mag te proklameer.

Wie die jeug wil behou vir die koninkryk van God moet die drie-enige God en sy Woord sinvol betrek by die lewe van die kind.

SUMMARY

# EXISTENTIALIST THEOLOGY AND RELIGIOUS EDUCATION

## 1. The problem

In order to be able to confront the modern child with a meaningful and intelligible interpretation of Holy Scripture, the teacher in religious education must have a sound knowledge of contemporary issues re= garding Biblical interpretation, as well as of the si= tuation of the modern child.

Uncertainty prevails in theology and radicalism and neo-positivism have led some theologians to an= nounce the death of God. Characteristics of the milieu of the modern child are absurdity, chaos, se= cularism and horizontalism, loneliness, materialism and industrialism tend to depersonalize modern man. Relativism leads to a hyperdynamic and pluriform cul= ture. Prevailing philosophies (existentialism and neo-positivism on one hand and neo-empiricism and neo-realism on the other) determine and dominate contem= porary thought.

This is the background against which children have to receive religious education nowadays. Con= temporary tendencies confront teacher, parent and cate= chist with problems which demand an answer.

## 2. The origin of modern existentialist theology

Modern existentialist theology has its origin in the old Gnostics and the "Aufklärung", especially the positivism of Lessing and the anti-metaphysical conclu= sions of Kant. The search for a concept of reality developed into phenomenology, neo-positivism, neo-rea= lism and secularism. Hegelian dialectics and exis= tentialism with their anti-metaphysical tendencies and anthropocentrism were the cradle of the "new" theolo= gy. Contributory factors are the emerging natural and technical sciences, historical criticism, Barthia= nism, Bible criticism, pietism, nineteenth century mo= dernism, contemporary problems of Biblical interpre= tation for modern man and the relative neglect by the church of "secular" matters.

## 3. The nature of ecistentialist theology

The Bible is regarded as mythological writing that needs to be interpreted existentially in order to be comprehensible to modern man. Jesus is conceived of as a human model and not as Saviour. Radicalists plead for the abandonment of religion by the church. For them the church is an altruistic institution for the advancement of human happiness and welfare in this world. Love for one's fellowman is considered to be the sole standard of morality.

## 4. The implications of existentialist theology for religious education

Recent years have seen the publication of some

text-books and educational articles on religious edu= cation, which reveal undeniable features of existentia= list theology. In Chapter 4 of this thesis a few of these books and articles are discussed as examples of the influence on religious education of the "new" theo= logy.

5. Critical evaluation of existentialist tendencies in theology and religious education.

Modern theology has many valuable contributions to make to religious education, summoning us to respon= sible faith in God, demanding a greater interest in man and his world, giving Christ a central position in religion, opening up new perspectives of the human ele= ment in Holy Scripture and disclosing the dangers of a purely conventional religious attitude.

On the other hand, modern theology contains many negative and dangerous elements. It is humanistic, dualistic and superficial. Atheism is a direct re= sult of the abandonment of religion. Religion disap= pears in love of one's fellow man and for Christology and Pneumatology the "new" theologians substitute anthropology. The authority of the Bible is denied while the concrete is absolutized and; idolozed. If the churh agreed to become merely a welfare organisa= tion, it would lose the true message of the Gospel.

6. The correct understanding and interpretation of Holy Scripture

Modern theology compels the teacher to ascertain

what the writers of the Bible were saying to the people of their own day. Modern theology also requires the teacher to declare the eternal truths contained in Holy Scripture and to expound its character as the Word of the living God for the present time. To aid the teacher in interpreting the Bible intelligibly to modern children, Chapter 6 of this thesis presents some hermeneutic principles which take into account the so= cio-historical background ås well as the purpose and real meaning of the respective pericopes.

7. Other methodological and didactic guidelines for an intelligible religious education for the pre= sent time

Chapter 7 of this thesis presents methodological and didactic guidelines for the teacher in religious education, such as will help him to avoid the adverse and will enable him to utilise the beneficial elements in the new theological tendencies.

The outhor pleads for real Christian emphasis in the teaching of all school subjects, for purposeful religious education, for actuality and existential ex= perience of the Biblical subject matter, for education towards responsibility for stimulation of independent thinking, for implementation of meaningful exercises, for accentuation of perceptivity rather than objective knowledge and memory, for involvement of the scholar in the truths he is learning, for development of a proper conception of the unity of Scripture, for understanding of the child in his situation, for cogent proclamation

of the risen Christ (also to be seen in the lives of his modern disciples) and for education in compassion for one's suffering fellow man.